

# EK BEHOORT

Florianville Gemeente is deel van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika (VGKSA).

Ons gemeente het 'n ryke geskiedenis en bestaan reeds sedert 27 Junie 1882.

## Ons visie

**Vissers van mense**

## Ons missie

**Florianville, 'n Familie in Christus - Vriendelik uitnodigend, Vrygewig, en Diensbaar.**

## Wat glo ons?

Ons glo in die 4 groot bewegings van God in die wêreld: **God roep ons, God versamel ons, God vorm ons en God stuur ons**. Alles begin met God en Sy sending (missio Dei).




## Is betrokkenheid en meelewing in die gemeente opsioneel?

Nee. God versamel ons. Ons verstaan was nog altyd dat ons verhouding met ons Heer baie persoonlik is, maar nie privaat nie. Ons lewens-roeping is om Jesus te volg en dat die Gees ons hierin lei. Ons sien dit met die stigting van die eerste gemeente deur die Heilige Gees in Handelinge 2:42: *"Hulle het bly volhard in die leer van die apostels, **die verbondenheid met mekaar**, die breek van die brood, en gebede".*

*'Julle is die liggaam van Christus, en elkeen individueel 'n ledemaat.'* 1 Korinthiërs 12:27

## My belydenis met lidmaat wording: ons Antwoord op Sy roeping.

"Ek glo in God, Vader, Seun en Heilige Gees.
Ek bely dat Jesus my persoonlike Verlosser en Saligmaker is.
Ek beloof om Hom te dien.
Sy Naam getrou voor mense te bely en om aktief aan die lewe in die gemeente deel te neem"

**"Die liefdevolle, sturende, besorgde, reddende God word verheerlik as sy kerk lyk soos God lyk"**

## My belydenis beteken..

Alles wat ons het en is, is **Genade**. Genade op genade. Deur genade alleen is ons gered en vanuit genade alleen kan ons leef en laat leef! In ons gemeenskap met mekaar is daar nie plek vir veroordeling, verwerping of verstoting nie. – **"My genade is vir jou genoeg"** – 2 Kor 12 . Ons het ons aan ons Heer vas gebind… ons is ook daarmee aan mekaar vas gebind.

1
Ons leef tot eer van die Here met ons families en geestelike familie.

2
Deur die bywoning van eredienste en ander byeenkomste groei ons saam in geloof, God vorm ons.

3
Deur die getroue gee van ons dankoffer in dankbaarheid kan ons gemeente haar roeping uitleef.

4
Deur ons saam wees kan ons lyding en moeilike tye deurstaan en die bose teëstaan.

5
Ons stel ons onsself, ons gawes en talente, tot beskikking vir die opbou van die liggaam en die uitleef van ons roeping in ons huise, werkplekke, gemeenskap, stad en wêreld. God stuur ons.

***"Committed participation as God's people, at God's invitation and command, in God's own mission within the history of God's world for the redemption of God's creation"***



# FLORIANVILLE VGK


www.florianvillevgk.co.za

Epos: admin@florianvillevgk.co.za

Tel.: 053 874 1021
WhatsApp: 078 940 5436

Facebook: URCSA Florianville
Spotify: VGKerk Florianville

26 Recreation Road, Floors, Kimberley